

HOOFSTUK II.

KLANKLEER.

Spraak en Skrif.

§ 7. 'n Mens gee gewoonlik op twee maniere uiting aan jou gedagtes: deur te praat of te skryf.* In die eerste geval gebruik jy klanke wat bepaalde begrippe vertolk, in die tweede geval gebruik jy skriftekens wat die plek inneem van die gesproke klanke. So 'n gedagte-uiting deur middel van klanke of klankaanduidende tekens word taal genoem; in die eerste geval het ons dus spreektaal of spraak, in die tweede geval skryftaal of skrif. Hierdie onderskeiding word egter alleen gemaak om die verskil aan te dui tussen die gesproke en die geskrewe woord; want in die grond van die saak bestaan 'n taal enkel en alleen uit gesproke klanke, wat bepaalde begrippe uitdruk. Daarom word 'n taal wat nie meer gepraat word nie, 'n dooie taal genoem, soos b.v. Latyn, hoewel dit vandag nog voortbestaan in sy afstammelinge: Frans, Italiaans, Spaans, ens., wat almal lewende tale is. Omgekeerd kan dit gebeur dat 'n taal reeds lank gepraat word voordat dit ook op skrif gestel is, soos die geval was met Afrikaans.

As ons dus van skryftaal praat, moet ons altyd in gedagte hou dat dit op sigself eintlik geen taal is nie, maar alleen 'n onvolmaakte benadering of aanduiding van die gesproke taal, deur middel van afgesproke skriftekens. Dis enkel 'n vernuftig uitgedagte hulpmiddel om op papier met mekaar te kan praat (deur briewe), of om ons gedagtes oor 'n bepaalde onderwerp aan ander mense kenbaar te maak (deur koerante, tydskrifte, boeke). En tot watter volmaaktheid die skryfkuns en drukkuns ook reeds ontwikkel is in die loop van die eeue, hulle sal altyd onvolmaakte hulpmiddels bly, om die eenvoudige rede dat die menslike stem deur niks anders vervang kan word nie. Dink maar net watter groot verskil

* Oor die ander maniere om gedagtes uit te druk vgl. § 1.

KLANKLEER.

dit maak of ons 'n toespraak hoor, dan wel of ons dit in die koerant lees. In die eerste geval vang ons oor die klankvolle buiging en ritmiese beweging van die menslike stem op, wat buitendien nog verlewendig word deur gebare en gelaatsuitdrukking; in die tweede geval sien ons oog alleen klanklose skriftekens, rye en rye aanmekaar van hakies en ogies en titteltjies en strepies.

Hieruit blyk dus dat dit onmoontlik is om stemklanke volledig en konsekwent deur middel van tekens voor te stel, omdat klanke alleen gehoor en nie gesien kan word nie. Maar ons kan nie almal na Kaapstad of Pretoria gaan om een of ander beroemde spreker te gaan hoor nie, en daarom is dit gelukkig dat daar skriftekens bestaan wat ons in staat stel om tog op 'n manier na hom te kan luister. Hierdie klanklose tekens dien dus, wanneer ons hulle lees, om in ons bewussyn die stemklanke op te roep wat ons sou gehoor het, as ons daar aanwesig kon gewees het. In hierdie sin het die skryftaal of gedrukte taal nie alleen reg van bestaan as taal nie, maar speel dit 'n baie groot rol in ons hedendaagse samelewing. Wat sou die wêreld vandag wees sonder koerant en tydskrif en boek?

En om nou hierdie hulpmiddel so doeltreffend moontlik te maak, moet ons die samestelling daarvan noukeurig ken. En daarvoor is 'n kennis van die klankleer 'n eerste vereiste; want die klankleer vertel ons hoe die klanke, waaruit 'n taal bestaan, deur die stemorgane gevorm word, en daardeur kry ons 'n insig in die betekenis en waarde van die afgesproke tekens.

Klankvorming.

§ 8. Klanke word voortgebring met behulp van die beweglike spraakorgane in die holtes van keel, mond en neus, deur die lug wat uit die longe uitstroom buitentoe. Die aard van die klanke kan op baie maniere gevarieer word deur die organe, veral van die mond, verskillende posiesies te laat inneem. Daardeur kan die hoeveelheid lug wat uitstroom gereël word; die inwendige vorm van die lugkanaal kan sodanig afwissel dat die voortgebragte klanke 'n bont verskeidenheid vertoon. Bowendien val daar verskille waar te neem by verskillende rasse, wat betref die bou van die spraakorgane. So het b.v. 'n Boesman 'n plat neus, en 'n Kaffer weer dik lippe.

Verder laat b.v. 'n Engelsman baie minder 'n rollende of trillende *r* hoor as die Afrikaner, wat daaraan moet toegeskryf word dat sy tongpunt luier is as die van 'n Afrikaner. Ook is dit bekend dat die Engelse *w* besonder duidelik sigbaar is aan die stand van die lippe. Vir Europese monde is al die wonderlike stemgeluide van sommige Kafferstamme haas onmoontlik om na te boots, en dit geluk in alle geval eers na baie oefening. Al dergelike verskynsels is die resultaat van fisiologiese dienaardighede.

Hoewel daar by één en dieselfde taal individuele verskille kan waargeneem word wat betref die vorming van klanke, tog besit elke taal op sigself 'n eie algemene karakter, wat hom openbaar deur toonhoogte, nadruk en die gewone stand of beweegbaarheid van die spraakorgane. Hierdie gemeenskaplike kenmerke by sprekers van dieselfde taal word die artikulasie-basis genoem.

Daardeur sal b.v. 'n Engelsman wat Afrikaans begin praat, altyd kenbaar wees deur sekere eienaardighede van uitspraak, omdat hy sy klanke vorm nie op die artikulasie-basis van Afrikaans nie, maar op die van Engels.


Die Spraakorgane.

§ 9. Aan die hand van bygaande tekening sal nou kortliks die spraakorgane en hulle funksies by die spraakvorming verduidelik word.

Die eerste organe waarmee die uitstromende lug in aanraking kom, is die stembande (vergelyk tekening ST). Daardie twee bande is bevestig in die strottehoof (SH), die harde end waarvan 'n mens maklik buitekant op jou keel kan voel, net bokant die vooruitstekende adamsappel. Die stembande loop van voor na agter en is weerskante vasgegroeï aan die sykante van die strottehoof. As die stembande rus is daar tussen hulle 'n wye opening, sodat die lug ongehinderd in en uit stroom. Die opening word genoem stemspleet. Wanneer die lug die strottehoof gepasseer het, kom dit in die keelholte en daarna in die mond- en neusholtes. Die toegang tot die laaste kan egter afgesluit word.

Die mondholte word aan die bokant begrens deur die tande (T), die harde verhemelte (H) en die sagte verhemelte (S), wat uitloop in die afhangele kleintongetjie (K). Word die toegang tot die neusholte afgesluit, dan word die klein-

KLANKLEER.



NH--Neusholte
 L.L--Lippen
 TT--Tande
 H--Harde verhemelte
 S--Sag verhemelte
 K--Kleintongetjie
 TO--Tong

P--Punt van die tong
 M--Middel van die tong
 A--Agtertong
 SH--Strottehoof
 ST--Stembande
 SL--Slukderm
 LP--Lugpyp

tongetjie teen die agterkant van die mondholte gedruk. Die bodem van die mondholte word grotendeels in beslag geneem deur die tong, 'n sagte en baie beweeglike liggaamsdeel (TO), die ondertande (T), die kakebeen en die wange. Die belangrikste element by die spraakvorming is die tong; daaraan word onderskei die agterdeel (A), die middeldeel (M) en die punt (P). Die lippe (LL), wat hulle vóór die tande bevind en wat op allerlei maniere beweëg kan word, kan ten slotte die uiteindelige aard van 'n klank help bepaal.

Stem.

§ 10. Stem ontstaan wanneer die twee stembande so na aan mekaar kom dat die lug, om te kan uitstroom, deur die nou opening moet gepers word, en daardeur albei bande laat tril. Hierdie trilling is goed voelbaar as die vingertoppe teen die strottehoof gedruk word. Die trillende stembande laat die lug daarbo in mond- en neusholte saamtril, waardeur die stem aanmerklik versterk word, net soos die geluid van trillende vioolsnare versterk word deur die klankbodem van die viool.

Nie al die spraakklanke word deur stem begelei nie. Wanneer een *s* uitgespreek word, hoor 'n mens enkel die gesis of geruis van die asem, asof dit uit 'n pyp uitstroom, natuurlik deur die stand van die monddele bepaal. Laat 'n mens egter die stembande daarby tril sonder om verder iets te verander, dan is dit nie net 'n gesis nie, maar 'n sissende gebrom; hierdie klank word in Nederlands voorgestel deur *z*.

z word genoem 'n stemhebbende, en *s* 'n stemlose klank.

Neusklanke.

§ 11. Word die uitstromende lug deur die kleintongetjie toegelaat om heeltemal of gedeeltelik deur die neusholte te gaan, dan word neusklanke gevorm. Dit gebeur soms plotse-ling, b.v. in die middel van 'n woord, en die beweging van die kleintongetjie is daarby duidelik voelbaar. Dit kan maklik gekontroleer word deur woorde soos *anker* en *netnou* uit te spreek.

Klinkers en Medeklinkers.

§ 12. Al die spraakklanke word verdeel in twee hoof-groepe: klinkers en medeklinkers.

Elke klinker is stem, op 'n bepaalde manier bokant die strottehoof gewysig deur die vorm van die mond- en neusholte. Die kanaal waardeur die lug uitstroom, is egter by 'n klinker nooit so vernou dat daar 'n geruis ontstaan deur die veroorsaakte vrywing nie.

Elke medeklinker is geruis, bewerk deur die vernouing van die lugkanaal bokant die strottehoof. Die *s*-geruis word b.v. veroorsaak deur die tongpunt sodanig op te lig dat die lug tussen die tong en die tande moet deurpers. Word by die medeklinker naas die geruis ook stem gehoor, dan praat ons van stem hebbende medeklinker. Dit word nie 'n klinker genoem nie, omdat die geruis hoorbaar is bokant die stem.

Spelling.

§ 13. Die voorstelling van klanke deur middel van skriftekens heet spelling. Aangesien stemklanke egter deur niks anders kan vervang word nie (vgl. § 7), is elke spelling uit die aard van die saak gebrekkig. Selfs 'n suiwer fonetiese spelling, waarby getrag word om soveel moontlik elke afsonderlike klank deur 'n aparte teken weer te gee, beantwoord nie heeltemal aan sy doel nie. Want taal omvat soveel verskillende klanke en fyn klanknuanserige, dat daar 'n ontsaglike aantal tekens vereis sou word om al die klanke weer te gee. Daarom gebruik ons maar dieselfde tekens wat die Romeine reeds gebruik het, en wat hulle weer van die Grieke oorgeneem het. Vandaar ook die benaming alfabet, d.i. Grieks *alfa* = a + *beta* = b.

Die Nederlandse alfabet bevat 26 tekens, naamlik die volgende:

a b c d e f g h i j k l m n o p q r s t u v w x y z.

Die Afrikaanse alfabet bevat eweneens 26 tekens naamlik:

a b d e ê f g h i j k l m n o ô p r s t u û v w y.

Hieruit blyk dus dat Afrikaans die Nederlandse *c q x* en *z* uitgeskakel het, maar die *ê î ô* en *û* weer bygevoeg het.* Der-

*Die tekens *i* en *z* word hier alleen volledigheidshalwe aangegee, nie alleen omdat hulle klanke aandui wat net in 'n paar woorde voorkom nie, maar ook omdat die klanke glad nie algemeen gebruiklik is nie. Die teken *ê*, wat ons hier nie noem nie, omdat dit geen aparte klank aandui nie, kom voor in die uitroepe: *dê, hê, nè*.

gelike veranderinge in die alfabet het altyd voorgekom, omdat elke lewende taal met verloop van tyd voortdurende wysiginge ondergaan, en die praktyk dit vereis om dergelike wysiginge deur afsonderlike tekens aan te dui.

Die vernaamste beginsel waarop 'n spelling berus, is om die mees gebruiklike uitspraak weer te gee. Hierby kom egter ook ander faktore in aanmerking, soos b.v. oorweginge van gelykvormigheid, afleiding, analogie, e.d.

Terwille van gelykvormigheid skryf ons *land* hoewel ons sê: *lant*, omdat die meervoud sowel in die spreektaal as in die skryftaal lui: *lande*.

Die historiese afleiding maak dat ons skryf *water lei*, maar *gebrek ly*, hoewel dit presies eners uitgespreek word.

Deur die betreklike klein aantal lettertekens gebeur dit dikwels dat één teken meer as één klank moet voorstel. So skryf ons *vat* en *vader* met dieselfde *a*, hoewel die twee klinkers in die twee woorde verskil. Omgekeerd word in verskillende woorde dieselfde klank deur verskillende tekens voorgestel; in *hard* en *hart* is die slotmedoklinker presies dieselfde in uitspraak, maar terwille van die gelykvormigheid met die meervoud *harde* en *harte* is daar 'n afwisseling van *d* en *t*.

Ook word meer as éénmaal twee tekens gebesig vir één klank; so is die *oa* in *roep*, die *eu* in *deur*, die *ie* in *riet* enkele klinkers, nie twee klanke nie. Ook die lang klinkers word partymaal deur tweemaal dieselfde teken voorgestel: *aa*, *ee*, *oo*.

Verdere opmerkinge oor spelling volg by die aparte behandeling van die klanke. Die wat ons hier gemaak het, verduidelik die betreklike gebrekkigheid van ons spellingsstelsel, en laat sien hoe dat die uitspraak van al die tekens alleen 'n kwessie is van onderlinge verstandhouding.

'n Volledige opgaaf van die Afrikaanse spelreëls is te vinde in die woordelys van die Akademie.

Lettergrepe.

§ 14. In § 7 het ons gesê dat dit onmoontlik is om die gesproke taal suiwer deur skriftekens weer te gee. As 'n mens 'n sin uitspreek, is dit één onafgebroke reeks van klanke, en as daarvan 'n wetenskaplike afbeelding gemaak word, gebeur dit deur al die klanke aanmekaar te skryf, asof hulle

één woord vorm. In die praktyk van die skrif egter splits ons 'n sin in los woorde, en eweneens die los woorde op hulle beurt in onderdele, die lettergrepe.

Om die verdeling van 'n woord in lettergrepe te maak moet na die uitspraak geluister word, en daarby val klankgroepe waar te neem wat 'n soort van éénheid vorm. Besonder duidelik is dit die geval by samegestelde woorde; in *deurmekaar* sal dadelik *deur* en *mekaar* apart geneem word; en *mekaar* word weer opgesplits in *me* en *kaar*.

Die tweede hoofreël by die splitsing is namelik, dat 'n nuwe lettergreep gewoonlik begint met 'n medeklinker; dit gebeur altyd wanneer daar in die middel van 'n woord net één medeklinker voorkom, soos in *mekaar*, *vader*.

Staan daar twee medeklinkers tussen klinkers in, dan kom die eerste bij die voorgaande, die tweede bij die volgende lettergreep, b.v. *kat-te*, *aar-de*, *lief-lik*.

Is daar meer as twee medeklinkers, dan kom so veel van hulle as moontlik by die volgende lettergreep: *eer-ste*.

Voorvoegsels word losgemaak: *te-vrede*, *ge-slaan*, *veron-geluk*; agtervoegsels ook: *duur-te*, *berg-agtig*; maar dikwels word reël 2 hier toegepas, dus: *se-dig*, *ba-sig*.

'n Lettergreep word oop genoem as dit op 'n klinker eindig, bv. *va-der*; geslote as dit op 'n medeklinker eindig, bv. *kas-te*.

Opm.—Die *dj* en *tj* is enkelkanke (vgl. § 47), en die woorde *baadjie* en *maaltjie* moes dus eintlik, wanneer ons hulle volgens die klank in lettergrepe verdeel, geskrywe word *bua-djie* en *maa-tjie*. Aangesien die *a*-klank egter in oop lettergrepe deur slegs één teken voorgestel word, sou hierdie woorde in die spelling *ba-djie* en *ma-tjie* verwarring stig met die gelyk geskrewe verkleinwoorde van *bad* en *mat*.

KLINKERS.

Tongstande.

§ 15. In § 12 het ons 'n klinker gedefinieer as stem wat gewysig word deur die vorm van die lugkanaal bokant die strottehoof. Die wysiging word vernaamlik bewerkstellig deur die tong, en daarom neem ons die stand daarvan as grondslag vir die verdeling van die klinkers in hoofgroepe. Die tong kan eintlik so baie stande inneem dat die aantal klinkers onbepaald groot is. Selfs in 'n teoretiese werk sal 'n skrywer

hom egter moet beperk, en vir 'n praktiese grammatika geld dit in nog groter mate.

Die twee vernaamste tongbewegings is die horisontale: agtertoe en vorentoe, en die vertikale: op en neer.

Is die hoogste welwing van die tong agter in die mond, dan heet die klinker wat dan gevorm word, 'n agterklinker; is dit voor in die mond, dan ontstaan 'n voorklinker; is dit tussenin, dan kry ons 'n tussenklinker.

Volgens die vertikale beweging onderskei ons ook drie stande, en dus drie soorte van klinkers, die lae, middel en hoë klinkers; by die eerste is die ruimte tussen tong en verhemelte groot, by die tweede middelmatig groot en by die derde klein.

Ronding.

§ 16. Party klinkers word gevorm terwyl die lippe in 'n toestand van rus verkeer, d.w.s. nie deelneem aan die spraakvorming nie; so bv. die *ie*.

Wanneer die mond in die stand van die *ie*-uitspraak gehou word, en die lippe word daarna gerond, d.i. trompetvormig vooruitgesteek, dan verander die *ie* in 'n *uu*-klank. Die *uu* word dus verder heeltemal met dieselfde mondposiesie gevorm, ewe hoog, ewe voor in die mond, en die ronding of nie-ronding maak daarom 'n aparte onderverdeling in die hoofrubrieke uit.

Lengte.

§ 17. Elke klinker kan na verkiesing 'n korter of 'n langer tyd aangehou word; net soos by die posiesie van die tong die geval was, kan 'n mens ook hier tallose lengtes in teorie onderskei. So praat die taalgeleerdes van kort, halfank, lank, gerek; maar in ons grammatika sal ons duidelikheidshalwe net die twee terme kort en lank besig, en alleen in besondere gevalle op nog ander lengtes wys.

Nou en Wyd.

§ 18. By die uitspraak van 'n klinker kan daar nog één besondere vorm van die mondholte onderskei word. Terwyl die tong nadelik in ander opsigte in dieselfde posiesie bly, kan dit deur spanning van die spiere op één punt sterker gerond word en dus meer die verhemelte nader. Die klinker

word dan vernou, en ons onderskei nou en wye klinkers, na gelang die ruimte tussen die één tonggedeelte en die verhemelte klein of groot is.

Ons voer egter hierdie onderskeiding nie in nie, maar net waar nodig sal daarop gewys word.

Tweeklanke.

§ 19. 'n Verbinding van twee klinkers wat één lettergreep vorm, en wat dus deur één stemstoot, wat op twee maniere agtermekaar gewysig word, ontstaan, heet tweeklank. Val die klemtoon op die eerste klinker, dan heet die tweeklank dalend, val dit op die tweede, dan het ons 'n stygende tweeklank.

Al die Afrikaanse tweeklanke is dalend.

TABEL VAN KLINKERS.

§ 20. Die volgende is 'n tabel van die vernaamste klinkers in Afrikaans, geklassifiseer volgens die hoofindeling: agter—tussen—voor (volgens die plek van die tongwelwing by hulle vorming), waarby as tweede verdelingsprinsiepe aangegee word: laag—middel—hoog (volgens die op-en-neer beweging van die tong), as derde: ongerond—gerond (volgens die stand van die lippe), en as vierde: kort—lank (volgens die duur van die klank).—[Vergelyk §§ 15—17].

1. Agter-Klinkers (gevorm by agterwelwing van die tong):

Die **a** in *kat* is laag—ongerond—kort.

Die **a** in *water* is laag—ongerond—lank.

Die **o** in *bok* is laag—gerond—kort.

Die **ô** in *môre* is laag—gerond—lank.

Die **o** in *home* is middel—gerond—lank.

Die **oe** in *voet* is hoog—gerond—kort.

Die **oe** in *roer* is hoog—gerond—lank.

2. Tussen-Klinkers (gevorm by tussenwelwing van die tong):

Die **i** in *pit* is middel—ongerond—kort (nou).

Die **e** in *hitte* is middel—ongegerond—kort (wyd).

Die **î** in *wie* (wigge) is middel—ongerond—lank.

Die **u** in *dun* is middel—gerond—kort.

Die **û** in *brûe* (brugge) is middel—gerond—lank.

3. Voor-Klinkers (gevorm by voorwelwing van die tong):

- Die **e** in *vet* is laag — ongerond — kort.
 Die **ê** in *lê* is laag — ongerond — lank.
 Die **e** in *bene* is middel — ongerond — lank.
 Die **eu** in *deur* is middel — gerond — lank.
 Die **ie** in *lied* is hoog — ongerond — kort.
 Die **ie** in *mier* is hoog — ongerond — lank.
 Die **u** in *minute* is hoog — gerond — kort.
 Die **u** in *vure* is hoog — gerond — lank.

TABEL VAN TWEEKLANKE.

Die volgende is 'n tabel van die tweeklanke in Afrikaans, ingedeel in dieselfde volgorde as die klinkers in voorgaande tabel.

- Die **ai** is kort, soos in *baie, fraings, aitsa!*
 Die **aai** is lank, soos in *haai, blaai*.
 Die **au** is kort soos in die uitroep *au!* en *grau* (grawe).
 Die **oi** is kort soos in *toings, goingsak*.
 Die **ôi** is lank, soos in *nôi naas nooi*.
 Die **ooi** is lank soos in *sooi, gebooie*.
 Die **ou** is kort soos in *nou, oupa*.
 Die **oei** is kort soos in *koei, goeie*.
 Die **ui** is kort soos in *lui, kuiken*.
 Die **ei(y)** is kort soos in *lei* naas *ly*, *steil* naas *styl*.
 Die **êi** is lank, soos in die uitroep *hêi!*
 Die **eeu** is lank soos in *leeu, skreeu*.

SPELLING VAN KLINKERS.

1. Agter-Klinkers.

§ 21. Kort *a*: Die kort *a*-klank word deur één teken aangedui en kom voor met en sonder klemtoon:

- (i) in geslote lettergrepe, soos in *kat, bak, vandág, kámtag*.
 (ii) in oop lettergrepe, soos in *bástă, ountă, kollégă, állă*.
 (iii) in die uitroepe *gá!* en *sá!*

Opm. — By meervoudsvorming word die slotmedeklinker verdubbel as die kort *a*-klank behou bly, soos in *mat* — *matte, bak* — *bakke*; maar dit gebeur nie as die klank verleng word nie, soos in *vat* — *vate, gal* — *gate*.

Lang *a*: Die lang *a*-klank word op twee maniere aangedui:

- (i) in geslote lettergrepe deur 'n dubbele teken, soos in *maat, jaar*;
- (ii) in oop lettergrepe en oop endlettergrepe met klemtoon deur één teken, soos in *má-te, já-re, karbá, verdrá*; en in éénlettergrepige woorde soos *wa, ja, ma, pa*.

Opm.—Vir die Nederlandse oor vertoon die lang *a*-klank in Afrikaans enigsins neiging om die *o*-klank te nader. Dat dit inderdaad gebeur, blyk duidelik uit die afwisseling van die Nederlandse uitroep *blikskater* met Afrikaans *blikskottel*. Hierdie afwisseling is die gevolg van volksetimologie (vgl. § 312), en is alleen moontlik deurdat die twee klinkers in Afrikaans nie so ver van mekaar af lê as in Nederlands nie. Afrikaans ken albei vorme, maar Nederlands alleen die eerste.

§ 22. Kort *o*: Die kort *o*-klank word deur één teken aangedui en kom voor met en sonder klemtoon:

- (i) in geslote lettergrepe, soos in *pot, bok, pondók, hótóm*;
- (ii) in die eenlettergrepige woorde, *hê, lê, sê, wê!* (uit—(In sommige streke, b.v. die Boland, word in hierdie woorde 'n kort *a*-klank gehoor in die laaste lettergreep).

Opm.—By meervoudsvorming word die slotmedeklinker verdubbel as die kort *o*-klank behou bly, soos in *pot — potte, bom — bomme*; maar dit gebeur nie as die klank verleng word nie, soos in *god — gode, skot — skote*.

Lang *o*: Hierdie lang *o*-klank word deur 'n *o* met 'n kappie (sirkumfleks) aangedui. Dit kom net in 'n paar woorde voor in oop lettergrepe met klemtoon, n.l. in *mó-re, sô-re, sô-e* (meervoud van *sog*), *trô-e* (meervoud van *trog*).

Opm. 1.—Van hierdie woorde is net *môre* (naas *more*) algemeen gebruiklik. Die ander word deur baie Afrikaners, veral in die Noorde, uitgespreek as *sorg(e), sogge, trogge*. (Die *g* klink hier in die verboë vorm soos die *g* in Engels *go*).

Opm. 2.—'n Gerekte *o* word gehoor in die uitroep van ironiese bewondering: *Holnôt!*

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Lang *o*: Die lang *o*-klank word op twee maniere aangedui:

- (i) in geslote lettergrepe deur 'n dubbele teken, soos in *boom*, *poot*;
- (ii) in oop lettergrepe en oop endlettergrepe met klemtoon deur 'n enkele teken, soos in *bó-me*, *pó-te*, *bu-ró*, *ka-dó*.

Opm. 1.—In sommige streke, bv. in die Boland, vertoon die lang *o*-klank 'n neiging om die lang *oe*-klank te nader. Dit blyk ook uit die eerste geskifte van die Patriot-beweging, waarin bv. *oek* voorkom in plaas van *ook*.

Opm. 2.—In die Noorde weer, bv. in Transvaal, vind ons die verskynsel dat 'n lang *o* somtyds byna as 'n tweeklank gehoor word, bv. *loop* klink byna soos *lóp*. Ook kom dit dikwels voor dat *ok* gehoor word in plaas van *ook*.

Dit is enkele voorbeelde van gewestelike nuanseringsverskille in uitspraak, waarvan melding gemaak is in § 5.

§ 23. Kort *oe*: Die kort en lang *oe*-klank word albei deur dieselfde twee tekens (*oe*) aangedui. Die kort *oe*-klank kom voor:

- (i) in geslote lettergrepe, soos in *voet*, *boek*;
- (ii) in oop lettergrepe, soos in *voe-te*, *boe-ke*;
- (iii) in éénlettergrepige woorde soos *hoe*, *soe*, *toe*.

Opm. 1.—Verdubbeling van slotmedeklinker kom nie voor nie, soos in sommige gevalle by kort *a* en kort *o*, omdat die kort *oe*-klank geen verlenging ondergaan in die meervoud nie. Dus is 'n verdubbeling om te kan onderskei, soos bv. tussen *potte* en *pote*, *málle* en *male*, hier onnodig.

Opm. 2.—Soms wissel die kort *oe*-klank af met die kort *o*-klank, soos bv. in *sop* naas *soep*, *genog* naas *genoeg*; soms weer met *u*, soos bv. in *soeljes* naas *suuljes*, *roesie* naas *rusie*.

Lang *oe*: Die lang *oe*-klank word gewoonlik net vóór 'n *r* gehoor in geslote sowel as oop lettergrepe, soos bv. in *boer*—*boe-re*, *vloer*—*vloe-re*. Dit kom ook voor in *koeël*.

Opm. 1.—Die verskil tussen die kort en die lang *oe*-klank blyk duidelik in die uitspraak van die volgende woorde: *koel* naas *koeël*, *vroeg* naas *vroeër*.

Opm. 2.—'n Gerekte *oe* word gehoor in die aanwysende voor-naamwoord *doer* vir *daarvër*, bv. in Wassenaar se gedig *Aandliedjie*: "*Doër* agter 'n kleuregordyn is die sonnetjie lankal verdwyn."

2. Tussen-Klinkers.

§ 24. Kort *i*: Die kort *i*-klank word deur twee verskillende tekens aangedui, al na gelang dit *nou* of *wyd* gevorm word (vgl. § 18). In die eerste geval word dit deur die teken *i* aangedui, en kom voor met en sonder klemtoon alleen in geslote lettergrepe, soos in *pít*, *skip*, *vinnig*, *gelid*, *maklik*.

In die tweede geval word dit deur die teken *e* aangedui, en kom voor altyd sonder klemtoon in geslote sowel as oop lettergrepe, soos in *middēl*, *dikwēls*, *dadēlik*, *vredē*. Alleen die voorsetsel *vir* het 'n *i*-teken vir die wye *i*-klank, terwyl die voorvoegsel *ver* gespel word.

Opm. 1.—As ons die woord *hitte* stadig uitspreek en oplet na die beweging van die tong by die vorming van die twee klinkers, sal ons duidelik voel dat by die eerste 'n vernouing en by die tweede 'n verwyding plaasvind tussen tong en verhemelte, hoewel die klank dieselfde bly. Daarom word twee tekens gebruik om die verskil aan te dui.

Opm. 2.—In verboë vorme word die slotmedeklinker verdubbel, wanneer die klemtoon onmiddellik daaraan voorafgaan, soos in *pítte*, *ritte*; maar nie na 'n onbeklemtoonde lettergreep nie, soos in *múkliker*, *vinniger*.

Opm. 3.—Die *y*-teken (ypsilon of *y*-grek) word in Afrikaans vervang deur die *i*-teken, waar die *i*-klank gehoor word, soos in *Egipte* (Egypte), *syntaksis* (syntaksis), *gimnasium* (gymnasium), ens. Die *i*-teken word ook gebruik om die *ie*-klank aan te dui (vgl. § 28).

Opm. 4.—In onbeklemtoonde endlettergrepe word die *i* herhaaldelik amper soos 'n *a* gehoor, bv. in *kástag*, *vinnag*, *mástag*. Dit kom daardeur dat die spraakorgane in die laaste onbeklemtoonde lettergreep verslap, sodat die *i*, wat 'n middelklinker is, sak na die *a* toe.

Lang *i*: Hierdie lang *i*-klank kom net voor in die één woord *wie*, die meervoud van *wig* (keil), en is beperk tot sommige streke. In Transvaal bv. lui die gewone meervoud *wigge*.

§ 25. Kort *u*: Die kort *u*-klank word deur één teken aangedui en kom voor met klemtoon alleen in geslote lettergrepe, soos in *put*, *rug*, *búrger*, *gelúk*.

Lang *û*: Hierdie lang *û*-klank, aangedui deur 'n *u* met 'n kappie, kom net in 'n paar woorde voor in oop lettergrepe met klemtoon, nl. in *brúe* en *rúe(ns)* (meervoud van

brug en *rug*). By baie Afrikaners egter, veral in die Noorde, lui die gewone meervoud *brugge* en *rugge(ns)*, net soos in die geval van *wigge*, *sogge*, *egge*, *berge*. (In al hierdie gevalle het die *g* in die verboë vorm die klank van die Engelse *g*, soos in *go*).

3. Voor-Klinkers.

§ 26. Kort *e*: Die kort *e*-klank word deur één teken aangedui en kom voor met klemtoon in geslote lettergrepe, soos in *wet*, *bed*, *émmer*, *létter*.

Opm. 1.—Die kort *e*-klank kom ook voor in oop lettergrepe in enkele uitroepe, en word dan deur die teken *è* aangedui, soos in *dè!* *nè!* *hè!* Dit word gedaan om hierdie klinker te onderskei van die onbeklemtoonde kort *e*, wat in § 24 bespreek is.

Opm. 2.—By meervoudsvorming word die slotmedeklinker verdubbel as die kort *e*-klank behou bly, soos in *wet* — *wette*, *bed* — *bedde*; maar nie as die klank verleng word nie, soos in *gebed* — *gebede*, *bevel* — *bevele*.

Opm. 3.—In sommige woorde wissel kort *e* af met kort *i*, soos bv. in *skenk* naas *skink*, *wenk* naas *wink*.

Lang *ê*: Die lang *ê*-klank word deur 'n *e* met 'n kappie aangedui en kom voor:

- (i) in oop lettergrepe met klemtoon, soos in *affê-re*, *bê-re* (wegsit), *kwê-voël*, *lê-er*, *pê-rel*, *wê-reld*, *militê-re*;
- (ii) in die eenlettergrepige woorde, *hê*, *lê*, *sê*. *wê!* (uitroep om iemand te vermaak, bv.: ek is tog nie verleë oor jou goed' nie, *wê!*);
- (iii) in geslote lettergrepe met klemtoon vóór *r* as slotmedeklinker, soos in die vreemde woorde *elementêr*, *sekundêr*, *militêr*, *populêr*, en in die suiwer Afrikaanse woorde *skêr* en *blêr*.

Opm. 1.—Die *ê*-klank in die woorde onder (iii) genoem, verskil in die gewone uitspraak nie veel in lengte van die *e* in woorde soos *ver*, *ster*, *kers*, *perd*, *lantêrn*, *regvêrdig* nie. Maar omdat dit in oop lettergrepe die kappie vereis, om nl. te kan onderskei van die lang *e*-klank (wat nie nodig is by *ver*, *ster*, ens. nie) word in sulke gevalle die kappie ook in geslote lettergrepe geskryf.

Opm. 2.—In sommige streke word *bêre* en *êe* gebesig as meervoud van *berg* en *eg*, in ander weer, veral in die Noorde, *berge* en *egge*. So kom ook voor as werkwoord *iêre* naas *terge*.

Lang *e*: Die lang *e*-klank word op twee maniere aangedui:

- (i) In geslote lettergrepe deur 'n dubbele teken, soos in *leef*, *been*;
- (ii) in oop lettergrepe met klemtoon deur 'n enkele teken, soos in *lé-we*, *bé-ne*.

Die dubbele teken word verder geskryf:

- (a) in éénlettergrepige woorde, soos *see*, *tree*, *twee*, *vee*;
- (b) in oop endlettergrepe, soos in *gedwee*, *beklee*, *dominee*, *weduwee*;
- (c) in samestellinge van woorde onder (a), soos in *seewater*, *tweespalk*, *veewagter*;
- (d) in verkleinwoorde op *-tjie* van woorde onder (a), soos in *seetjie*, *treetjie*, *tweetjies*, *veetjies*;
- (e) in afleidinge van woorde onder (a) en (b), soos in *seewaarts*, *tweeling*, *gedweeheid*, *domineeagtig*, *weduweeskap*.

In verboë vorme van woorde onder (a) en (b) word egter net één teken geskryf soos onder (ii) bv. *seë*, *treë*, *tweë*, *gedweë*, *bekleë*.

Opm. 1.—In sommige streke, bv. Malmesbury en omstreke, vertoon die lang *e*-klank 'n neiging tot die lang *ie*. So word bv. *eet* en *weel* byna uitgespreek as *iet* en *wiet*. In die Noorde bestaan weer die neiging tot diftongering, dus *éet* en *wéet*.

Opm. 2.—In sommige woorde wissel die lang *e*-klank dikwels af met die *eu*-klank, soos in *veul* naas *veel*, *seuwe* naas *sewe*, *speuletjies* naas *speletjies*, *teun* naas *teen*; in ander woorde weer met die tweeklank *ei*, soos in *vleis* naas *vlees*, *gemeinte* naas *gemeente*.

§ 27. Lang *eu*: Die *eu*-klank word deur twee tekens (*eu*) aangedui en is altyd lank. Dit kom voor:

- (i) In geslote lettergrepe, soos in *deur*, *seun*;
- (ii) in oop lettergrepe, soos in *heu-ning*, *kneu-keel*.

Opm. 1.—In sommige woorde vertoon die *eu*-klank die minder beskaafde neiging om die tweeklank *ui* te nader, soos in *sluitel* vir *sleutel*, *guil* vir *geut*, *duintjie* vir *deuntjie*.

Opm. 2.—Sommige mense het weer die neiging om die lipperon- ding agterweë te laat, bv. in *leen* vir *leun*, *steen* vir *steun*. Hier het ons dus die omgekeerde verskynsel van wat hierbo onder lang *e* (§ 26, Opm. 2) gekonstateer is.

§ 28. Kort *ie*: Die kort en lang *ie*-klank word albei deur dieselfde twee tekens (*ie*) aangedui. Die kort *ie*-klank kom voor:

- (i) in geslote lettergrepe met en sonder klemtoon, soos in *riem*, *wiel*, *verdriët*, *matriëk*, *politiëk*;
- (ii) in oop lettergrepe met klemtoon, soos in *tié-pe*, *tié-tel*, *krië-tikus*, *polië-tikus*;
- (iii) in verboë vorme van woorde soos die onder (i), en dan sonder klemtoon, soos in *tiépiese*, *kriëtiese*;
- (iv) in oop endlettergrepe met en sonder klemtoon, soos in *filologië*, *teorië*, *nasie*, *biëttjie*.

Opm. 1.—Die kort *ie*-klank word dikwels ook deur die teken *i* aangedui:

- (i) in vreemde woorde, waar dit die ypsilon of *y*-grek vervang in swakbeklemtoonde lettergrepe, soos in *siprés*, *liriëk*, *fisiologië*, *etimologië*;
- (ii) in swakbeklemtoonde voor- of tussenlettergrepe, soos in *militër*, *indiwidú*, *prinsipaál* naas *prinsiepe*, *tradisioneel* naas *tradiësie*, *matrikulásie* naas *matriëk*.

Opm. 2.—As algemene reël kan dus aangeneem word dat orals waar klemtoon vereis word, die *ie*-teken geskryf word. In ander gevalle word dit dikwels vervang deur die *i*-teken.

Lang *ie*: Die lang *ie*-klank word gewoonlik net voor *r* gehoor met klemtoon:

- (i) in geslote lettergrepe, soos in *tier*, *rentenier*;
- (ii) in oop lettergrepe, soos in *mië-re*, *bedrië-ër*.

Opm.—Die *ie* in *spieël* val ook hieronder. Die verskil tussen die kort en die lang *ie*-klank word duidelik gehoor, wanneer *wiel* naas *spieël* uitgespreek word.

§ 29. Kort *u*: Die kort en lang *u*-klank word albei deur dieselfde dubbele teken (*uu*) aangedui in geslote lettergrepe, en deur dieselfde enkele teken in oop lettergrepe.

Die kort *u*-klank kom voor:

- (i) in geslote lettergrepe, soos in *nuus*, *minuut*;
- (ii) in oop lettergrepe met en sonder klemtoon, soos in *nú-we*, *hú-welik*, *pú-blik*, *mü-sikant*;
- (iii) in éénlettergrepige woorde, soos *u*, *ru*, *sku*, *tru* (terug).

Opm.—Let wel dat ons hier te doen het met die kort *u* as hoog-geronde vóorklinker, terwyl die kort *u* in *dun*, *put* 'n middel-geronde tussenklinker is. Vgl. tabel van klinkers.

Lang *u*: Die lang *u*-klank word net vóór *r* gehoor met klemtoon:

- (i) in geslote lettergrepe, soos in *muur*, *buurte*, *postuur*, *figuur*;
- (ii) in oop lettergrepe, soos in *u-re*, *vu-rig*, *gedu-rig*.

MEDEKLINKERS.

§ 30. In § 12 het ons 'n medeklinker 'n *geruis* genoem, bewerk deur die vernouing van die lugkanaal bokant die strottehoof. Die vernouing wat die medeklinker vorm kan wees: (1) 'n totale afsluiting, of (2) net 'n vernouing. Het daar totale afsluiting plaas, dan hoor 'n mens 'n soort van klappende of ontploffende geluid; is daar net vernouing, dan is dit 'n gesis of gevryf.

Die medeklinkers wat op die eerste manier gevorm word, heet klappers of eksplosiewe medeklinkers (van eksplosie=ontploffing), die ander glyers, spirantiese of frikatiewe medeklinkers.

Klappers.

§ 31. 'n Klapper word net 'n oomblik gehoor, en kan nie aangehou word nie. Die *p* bv. is 'n ontploffing, en die term "klapper" dui die skielikheid aan van die klankvorming.

Twee klanke wat onder die klappers gerangskik word, kan egter twyfel opwek, naamlik die *l* en die *r*. Maar as die *r* lank aangehou word, vind daar feitlik niks anders plaas nie as 'n snelle opeenvolging van 'n hele reeks *r*-klanke, wat almal duidelik ontplof. En wat die aanhou van die *l* betref, die is ook maar twyfelagtig. Die tong kan wel 'n poos teen die verhemelte bly as die *l* gevorm word, maar gaan die spreker verder, dan moet daar 'n kort ontploffing gebeur om die *l* los te laat; iedereen hoor en voel dit duidelik dat die tong bv. in die woord *blou* 'n taamlike sterk klapgee van bo na onder.

Die klappers word egter verdeel in (a) *egte klappers*; (b) die *l*-klanke; (c) die *r*-klanke.

Stemloos en Stemhebbend.

§ 32. In § 10 het ons die terme *stemloos* en *stemhebbend* verklaar en die verskil tussen 'n *s* en 'n *z* verduidelik.

Al die medeklinkers kan met of sonder stem gevorm word, en vanself kry ons dus as 'n tweede hoofverdeling van die medeklinkers die in *stemlose* en *stemhebbende*.

Artikulasie-plek.

§ 33. Volgens die plek waar die vernouing van die lugkanaal plaas vind sou tallose medeklinkers kan onderskei word.

Vir ons doel is dit voldoende om op die volgende gebiede van die mondholte te wys, waar die klank gevorm word.

1. Die lippe-gebied, tussen die twee lippe.
2. Die lip-tand-gebied, tussen die boonste snytande en die onderlip, of wel tussen die onderste snytande en die bolip.
3. Die tandgebied, tussen die punt van die tong en die onder- en bo-tande.
4. Die gebied van die harde verhemelte of *palatum*, waarteen die tong gedruk word, dit mag die punt wees of die middeldeel daarvan.
5. Die gebied van die sagte verhemelte of *velum*, tussen die sagte verhemelte en die agterste gedeelte van die tong.
6. Die stembande-gebied, die ruimte tussen die twee bande, kortweg ook wel keelgebied genoem.

Medeklinkers wat gevorm word in die gebiede (1) en (2) word lipklanke of labiale genoem; die in gebied (3) tandklanke of dentale; die in gebied (4) en (5) verhemelte-klanke, ook wel onderskei in palatale (4) en velare (5); die in gebied (6) keelklanke of gutturale.

Kortheidshalwe, hoewel minder noukeurig, word sommige verhemelte-klanke, soos bv. die *k*, ook wel keelklanke genoem.

Oor die artikulasie-plek van *l* en *r* nog die volgende: albei is tandklappers, d.w.s. hulle word gevorm deur die tong teen die tande te druk; by die *l* kom die tongpunt

teen die agterkant van die botande, terwyl die lug aan die sykante kan ontsnap; by die *r* kom die middel tong teen die kiestande en die tongpunt tril met die ontsnappende lug saam teen die wande van die mondholte.

Die *l* word daarom wel sy-medeklinker of lateraal genoem, die *r* rol- of tril-medeklinker.

Neusmedeklinkers.

§ 34. Die funksie van die neusholte by die spraakvorming is in § 11 aangedui.

By die medeklinkers is die volgende neusklanke: *m*, *n*, *ng*.

Opm.—Oor die palatale *n* sal in § 60 gehandel word.

Om die *m* voort te bring word die spraakorgane gebring in die stand wat nodig is vir die *b* of *p*, en dan word die toegang tot die neusholte geopen. By die *n* is die organe in die stand van die *d* of *t* gebring, by die *ng* in die stand van die *g* of *k*. Dit word bewys deur die taal van mense wie se neusholte toebly onder die praat, en wat daardeur nie 'n *m* of *n* of *ng* kan laat hoor nie, maar gereeld in plaas van die drie medeklinkers 'n *b* en *d* en *g* laat hoor. So gee Langenhoven in "Ons Weg deur die Wereld" deel I bls. 6 'n staaltjie van die taal soos die verkoue Oom Faans dit voortbring: "*Jy boedie dog bôre sê die, vroubeds*" *brom ek met 'n verstopte neus. "Ed waarop ruik die koffie weer vabore desse jalap ed kasterolie bikstuur? Baar 'd botre'ed—! Hy breg die die rivier af die, ed hy baak die die veld dat die."*

Opm.—Waar die *ng* van *breng* deur *g* word weergegee in die vorm *breg*, moes dieselfde gebeur het by *en kasterolie*, wat uitgespreek word as *eng kasterolie*. Dus *eg kasterolie* sou meer juis gewees het.

TABEL VAN MEDEKLINKERS.

§ 35. Die volgende is 'n tabel van die medeklinkers in Afrikaans, geklassifiseer volgens die hoofindeling: klappers—glyers—neusklanke, waarby as tweede verdelingsprinsiepe aangegee word: stemloos-stem hebbend, en as derde: die artikulasie-plek.

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

1. Klappers.

a. Eintlike klappers.

Die **p** in *put* is die stemlose lip-klapper.

Die **t** in *tak* is die stemlose tand-klapper.

Die **k** in *kat* is die stemlose keel-klapper.

Die **b** in *bom* is die stemhebbende lip-klapper.

Die **d** in *dun* is die stemhebbende tand-klapper.

Die **g** in *berge* is die stemhebbende keel-klapper.

b. l-klanke.

Die **l** in *lank* is die stemhebbende sy-tand-klapper.

c. r-klanke.

Die **r** in *rug* is die stemhebbende rol-tand-klapper.

2. Glyers.

Die **f** in *fles* is die stemlose lip-tand-glyer.

Die **s** in *sag* is die stemlose tand-glyer.

Die **sj** in *sjef* is die stemlose tand-verhemelte-glyer.

Die **tj** in *bietjie* is die stemlose verhemelte-glyer.

Die **g(ch)** in *sag* is die stemlose keel-glyer.

Die **w** in *weg* is die stemhebbende lip-tand-glyer.

Die **j** in *jaar* is die stemhebbende verhemelte-glyer.

Die **h** in *hand* is die stemhebbende stemband-glyer.

Opm.—'n Bilabiale (lip-) glyer *w* word bv. in die woord *wêl* gehoor.

3. Neusklanke.

Die **m** in *man* is die stemhebbende lip-neus-

medeklinker.

Die **n** in *neus* is die stemhebbende tand-medeklinker.

Die **ng** in *koning* is die stemhebbende keel-medeklinker.

SPELLING VAN MEDEKLINKERS.

1. KLAPPERS.

§ 36. *p*: Die klank *p* word voorgestel deur die volgende tekens:

- (i) deur *p* aan die begin van 'n woord, soos in *pot*,
in die middel soos in *koper*, op die end soos in *loop*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *p* in die middel
van 'n woord gehoor en geskrywe: *koppe*.

KLANKLEER.

- (ii) deur *b* op die end van diè woorde, wat in hul verboë vorme 'n *b* laat hoor; so bv. *ri**b**be* — *ri**b***, *ro**b**be* — *ro**b***.

Opm.—*Rib* en *rob* is voorbeelde van spelling terwille van gelykvormigheid; vgl. § 13.

§ 37. *t*: Die klank *t* word voorgestel deur die volgende tekens:

- (i) deur *t* aan die begin van 'n woord, soos in *tan**d***, in die middel soos in *late**r***, op die end soos in *groo**t***.
Na kort klinkers word 'n dubbele *t* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *latte*, *putte*.
- (ii) deur *d* op die end van diè woorde, wat in hul verboë vorme 'n *d* laat hoor; so bv. *harde* — *har**d***, maar *harte* — *har**t***; *honde* — *hon**d***.

Opm.—*Hard* en *hond* is voorbeelde van spelling terwille van gelykvormigheid; vgl. § 13.

- (iii) deur *tt* na 'n lang klinker in die middel van woorde wat afgelei is van 'n ander woord wat eindig op 'n *t*, bv. *grootte*.
- (iv) deur *dt* in woorde wat afgelei is van ander woorde wat eindig op 'n as *t* uitgesproke *d*, bv. *rondte*.

§ 38. *k*: Die klank *k* word altyd voorgestel deur die teken *k*, en wel aan die begin van 'n woord, soos in *kin**d***, in die middel soos in *te**k**en*, op die end soos in *hok*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *k* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *hokke*.

§ 39. *b*: Die klank *b* word altyd voorgestel deur die teken *b*, en wel aan die begin van 'n woord, soos in *ber**g***, in die middel soos in *sober*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *b* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *dubbel*.

Opm.—Die *teken b* staan wel aan die end van 'n woord, dog dui dan nie die *klank b* aan nie, maar wel die *klank p*. Vgl. § 36.

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

§ 40. *d*: Die klank *d* word altyd voorgestel deur die teken *d*, en wel aan die begin van 'n woord, soos in *dig*, in die middel soos in *mode*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *d* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *middel*, *liddorings*.

Opm.—Die *teken d* staan wel aan die end van 'n woord, dog dui dan nie die *klank d* aan nie, maar wel die klank *z*. Vgl. § 37.

§ 41. *g*: Die klank *g* word voorgestel deur die volgende tekens:

- (i) deur *g* in die middel van 'n woord na *r* en *l*, soos in *berge*, *erger*, *verswelge*, en in die telwoord *nege*.

Opm.—In die Noorde word ook die vorm *oge* naas *oë* gehoor.

Na kort klinkers word 'n dubbele *g* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *brugge*, *wigge*, *rugge*.

- (ii) deur *gh* aan die begin van 'n aantal woorde van vreemde oorsprong, soos *ghoen*, *ghienie*, *gholf*, *ghwattiehout*, *ghitaar*, *ghuerilla*, en in die middel van 'n paar ander woorde, soos *anghorra*, *mangho*.

Opm.—Die *teken g* staan wel aan die end van 'n woord, dog dui dan nie die *klank g* aan nie, maar wel die *klank ch*. Vgl. § 46.

§ 42. *l*: Die klank *l* word altyd voorgestel deur die teken *l*, aan die begin van 'n woord, soos in *lank*, in die middel soos in *altaar*, op die end soos in *vaal*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *l* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *hulle*.

§ 43. *r*: Die klank *r* word altyd voorgestel deur die teken *r*, aan die begin van 'n woord, soos in *raam*, in die middel soos in *koring*, op die end soos in *gaar*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *r* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *torre*.

KLANKLEER.

2. GLYERS.

I. Stemlose.

§ 44. *f*: Die klank *f* word voorgestel deur die volgende tekens:

- (i) deur *f* aan die begin van 'n woord, soos in *fles*, in die middel soos in *klofie*, op die end soos in *kloof*. Na kort klinkers word 'n dubbele *f* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *koffie*, *hoffees*.
- (ii) deur *v* aan die begin van woorde soos *vaal*, *van*, *voor*, *vir*, *verag*; in die middel van samegestelde woorde, waarvan die tweede deel met 'n *v* gespel word, soos *aasvoël*, *halfvyf*, en in die middel van woorde, aan die begin van 'n lettergreep wat die klemtoon het, soos in *rivier*.

Opm.—Hierdie *v* is 'n voorbeeld van spelling terwille van die historiese afleiding (Nederlands *vaal*, *van*, *voor*, ens.). Vgl. § 13.

§ 45. *s*: Die klank *s* word voorgestel deur die teken *s*, en wel aan die begin van 'n woord, soos in *see*, in die middel soos in *esel*, *gesel*, op die end soos in *as*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *s* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *asse*.

Opm. 1.—'n Soos *s* uitgesproke *z* bly bewaar in eiename, bv. *Van Zyl*, *Zacharias*.

Opm. 2.—'n Soos *s* uitgesproke *sch* bly bewaar in eiename, bv. *Stellenbosch*.

§ 46. *g*: Die Nederlandse *ch*-klank word voorgestel deur die volgende tekens:

- (i) deur *ch*, maar net in die woord *Christus* en die samestellinge en afleidinge daarvan, soos *christelik*, waarnaas egter ook geskrywe word *kristelik*, ens.
- (ii) deur *g* aan die begin van 'n woord, soos in *gou*, in die middel na lang klinkers soos in *boegoe*, en veral op die end soos in *ag*, *lag*, *nog*, *sug*.
- (iii) deur *gg* in die middel van 'n woord na kort klinkers, soos in *kaggel*, *soggens*, hoewel hier ook maar één *ch*-klank gehoor word.

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

§ 47. *tj*: Die klank *tj* word voorgestel deur die volgende tekens:

- (i) deur *tj* aan die begin van 'n woord soos in *tjek*, in die middel soos in *bietjie*.
- (ii) deur *dj* in die middel van 'n woord soos in *mandjie*, *baadjie*.

Opm.—Die *dj* in *mandjie* is 'n voorbeeld van spelling terwille van gelykvormigheid, nl. met *mande*—*mand*. Vgl. § 13.

§ 48. *sj*: Die klank *sj* word voorgestel deur die volgende tekens:

- (i) deur *sj* aan die begin van 'n woord soos in *sjef*, in die middel soos in *masjien*, *resjiment*.
- (ii) deur *g* in woorde van vreemde oorsprong, soos *argitek*, *genie*, *origineel*.

II. Stemhebbende.

§ 49. *w*: Die klank *w* word voorgestel deur die teken *w*, en wel aan die begin van 'n woord, soos in *waar*, in die middel soos in *duiwel*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *w* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *stowwe*.

§ 50. *j*: Die klank *j* word voorgestel deur die teken *j*, en wel aan die begin van 'n woord, soos in *ja*, in die middel soos in *aljimners*, *kajuit*.

Opm.—Die klank *j* kom ook voor in die middel van 'n woord tussen twee klinkers, maar word dan deur die teken *i* aangedui, soos in *aia*, *baie*. Dit word gedoen omdat die stemhebbende glyer *j* op die plek feitlik 'n half-klinker word.

§ 51. *h*: Die klank *h* word voorgestel deur die teken *h*, en wel aan die begin van 'n woord soos in *hard*, in die middel soos in *bohaai*.

3. NEUSKLANK.

§ 52. *m*: Die *m* is die lip-neusklank, en word altyd voorgestel deur die teken *m*, en wel aan die begin van 'n woord, soos in *mors*, in die middel soos in *kamer*, op die end soos in *bom*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *m* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *bomme*.

§ 53. *n*: Die *n* is die tand-neusklank, en word altyd voorgestel deur die teken *n*, en wel aan die begin van 'n woord, soos in *neus*, in die middel soos in *sanik*, op die end soos in *dun*.

Na kort klinkers word 'n dubbele *n* in die middel van 'n woord gehoor en geskrywe: *henne*.

§ 54. *ng*: Die *ng* is die keel-neusklank, en word voorgestel deur die volgende tekens:

- (i) deur *ng* in die middel van 'n woord soos in *engel*, op die end soos in *eng*, *koring*.
- (ii) deur *n*, wanneer op die klank 'n *k* volg, soos in *sink*.

SPELLING VAN VREEMDE WOORDE.

Die volgende reëls is oorgeneem uit die "Afrikaanse Spelreëls" van die Akademie.

§ 55. Vreemde woorde word gewoonlik as volg verafrikaans:

- ae** word *e*: *pedagoog*, *pedagogie*.
- ai** word *ê*: *affêre*, *militêr* — *militêre*.
- au** word *ou*: *outeur*, *outoriteit*.
- eau** word *o*: *buro*, *tablo*.
- é** word *ee*: *dinee*, *kafee*.
- c** word *k* of *s*, net na die uitspraak: *kafee*, *konjak*, *sentrum*, *sipres*.
- ch** word *g*, *k*, *s*, *sj* of *tj*, net na die uitspraak: *gaos*, *gemie*, *gerubyn*; *kronies*; *masien*; *sjokolade*; *tjek*.

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

- g** word *s* waar dit die *s*-uitspraak het: *losies, loseer*; maar bly waar dit die *g*- of *sj*-uitspraak het: *argitek, genie, origineel*.
- gn** word *nj*: *kampanjie, konjak*.
- ph** word *f*: *alfabet, filosofie*.
- qu** word *kw*: *konsekwent, kwartaal*.
- rh** word *r*: *ritme, retories*.
- sh** word *s*: *sieling*.
- t** word *s*: *nasie*.
- th** word *t*: *teorie, teater*.
- v** bly aan die begin van woorde: *vaas, veranda, veto, vokaal*. In die middel bly *v* ook in lettergrepe met die hoofklem: *galvanies, konvensie, konvooi, provinsie, reserveer*. In lettergrepe wat nie die hoofklem het nie, word *v* verander in *w* oral waar dit tussen vokale staan of tussen *l, m, n* of *r* en 'n vokaal: *aktiwiteit, evolusie, individu, individueel, provinsiaal, prowinsialisme, universeel, universiteit, galvaniseer, triumwiraat, envelop, konwensioneel, parvenu, reserve, ens*. Na ander medeklinkers bly *v* in lettergrepe wat nie die hoofklem het nie: *adviseer, advertensie, advokaat*.

Opm.—Die woorde *evangelie*, en afleidinge daarvan (*evangelies, evangelisasie, evangelis, evangeliseer*) *graweel, malva* en *rewolwer* vorm uitsonderinge op hierdie reël. Met die oog op die persoonsnaam *Kalvyn*, bly *v* ook in afleidinge daarvan: *Kalvinis, Calvinisme, Calvinisties*.

x word *ks*: *aksioma, aleksandryn*.

y met die uitspraak van *ie* in *niet* word *ie* in beklemde, *i* in swakbeklemde lettergrepe: *tiepe* maar *sipres*; *y* met die uitspraak van *i* in *dik* word altoos *i*: *Egipte, sisteem*.

Hierby kan nog gevoeg word:

z word *s*: *soölogie, sodiak*.

Opm. 1.—Sommige mense sê en skrywe: *masjen, marsjeer, resjiment, sjieling*. Hier word dus afgewyk van die Akademie-spel-ling.

Opm. 2.—Somtyds word vreemde, veral Engelse, woorde met opset heeltemal verafrikaans, en hierdeur kan 'n komiese effek bereik word. Langenhoven bv. skryf: *baaisikkel, straaik, relaaier, Taaims, entjiebyter*.

GEBRUIK VAN HOOFLETTERS.

§ 56. Hoofletters word geskrywe in die volgende woorde vernaamlik:

- (1) geografiese eiename, persoons- en volkename, en samestellinge en afleidinge daarvan, bv. *Transvaal, Pretoria, Multatuli, Paul Kruger, Afrikaners, Multatuliaans, Transvaals, Afrikanervolk, Jodendom.*

Opm.—In party samestellinge het die eiename hul krag amper verloor, en word hulle dan ook klein geskrywe, bv. *indiesgeel, kafferkraal, portnatalpatais.*

- (2) name van godsdienste, sektes, genootskappe, rigtinge, partye en beweginge, met die afleidinge en samestellinge daarvan, bv. *Protestantisme, Wederdopers, Helpmekaar, Algemeen Nederlands Verbond, Humanisme, Unioniste, Bolsjewiste.*
- (3) name van die Godheid en samestellinge daarvan: *God, Jehova, Skepper, Allerhoogste.*
- (4) name van boeke, tydskrifte, koerante, bv. *Bybel, Psalmboek, Katechismus, Die Brandwag, Die Huisgenoot, Die Burger.*
- (5) títels, bv. *Koningin Wilhelmina, President Steyn, Dominee A., Generaal De Wet.*
- (6) die vernaamste woorde in 'n opskrif, bv. *Afrikaanse Spraakkuns. Die Kaskenades van Klein Duimpie. Sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierwêreld.*
- (7) name van dae, maande en foeste, bv. *Sondag, Desember, Kersmis.*
- (8) woorde waarop die skrywer enige nadruk wil lê.

OOOR DIE ONTWIKKELING VAN SOMMIGE MEDEKLINKERS IN AFRIKAANS.

§ 57. In hierdie § sal ons enige verskynsels opnoem wat eintlik in 'n historiese grammatika tuis hoort, omdat hulle betrekking het op die verskille tussen Afrikaans en Nederlands. Tog moet ons altans sommige daarvan kortliks aandui, omdat dit van groot nut is vir 'n beter begrip van 'n aantal verskynsels in die vormleer. By daardie ver-

skynsels sal ons dan die geleentheid kry om terug te verwys na hierdie §. Terwille van die oorsigtelikheid neem ons die medeklinkers in alfabetiese volgorde.

Die Nederlandse *b* en *bb* gaan in Afrikaans tussen klinkers dikwels oor in *w* en *ww*, bv. *troewel*, *konstawel*, *kapawel*, *miscrawel*; *duwwel*, *lowwes*.

Die spelling behou gewoonlik *b* en *bb*.

Heeltemal verdwyn het *bb* in Afr. *hê* uit Ned. *hebben*.

d val in Afr. weg aan die end van 'n woord na *g*, bv. *deug*, *vreug*, *maag*, *bevoeg*; somtyds ook *aa* *r*, *l*, *f* en *s*, bv. *baster*, *verbeel*, *verlief*, *verbaas*.

In verboë vorme waar 'n *e* gevolg het op die *d*, is dit bewaar gebly: *deugde*.

Ook sommige samestellinge vertoon 'n ouer vorm van 'n woord, so bv. *blydschap* naas *bly*.

d tussen lang beklemtoonde klinkers of tweeklanke en onbeklemtoonde *e* val meestal weg of gaan oor in *i*, bv. *ouer*, *goue*, *leier*; *paaie*, *rooie*, *kwaai*.

Bewaar gebly het *d* egter in *vader*, *moeder*, *daäe*, *rade*, *dodelik*, *doderyk*, *gereder*, *wreder*.

Vir die behoud van die *d* is daar gewoonlik bepaalde oorsake aanwesig. So is bv. *vader* en *moeder* minder gebruiklik in die omgangstaal as *Pa* en *Ma*, en daardour kan die ouer Ned. vorme met 'n *d* bewaar gebly het. Die woorde *dodelik* en *doderyk* is net soos *gereder* en *wreder* beperk tot sekere meer deftige gebruiksfere en bygevolg beskerm gewees teen die gewone klankverandering.

Die *d* bly somtyds ook bewaar om 'n betekenisverskil aan te dui; so staan naas mekaar *leier* (voorman) en *lyder* ('n sieke), waarby *lyderes*, *lydelik*, *Lydensweek*, *medelyde*, *medelydend*.

dd tussen klinkers gaan somtyds oor in *rr*, bv. *parra* (gespel: *padda*).

f voor *s* val somtyds weg, bv. *stysel*.

ff vóór buigingsuitgange word *ww.*, bv. *dof* — *dowwe*, *laf* — *lawwe*, *stof* — *stowwe*.

g tussen lang beklemtoonde klinkers of tweeklanke en onbeklemtoonde *e* val gewoonlik weg, bv. *teen*, *weens*, *reën* (naas *regen*), *plae*, *oë*, *neëntien*, (maar *nege*), *opdraend* *geheue*, *verloën*, *leuen*, *geneë*.

KLANKLEER.

Dikwels val die slot-*e* ook nog weg, bv. in die w.w. *pla*, *dra*, *kla*, *ja*, *vra*, *bedrie*, *kry*.

g op die end val 'n enkele maal weg, bv. *vy*.

Bewaar is 'n intervokaliëse *g* bv. in *swyge* (snw.) naas *swye*; *swyger* naas *swyer*. Naas die gewone vorm *eintlik* staan *eigentlik*, wat met meer nadruk uitgespreek word.

'n Vername rede dat die *g* bewaar is lê in die gebruik-sfeer van die betreffende woorde: *vertraging*, *betoging*, *bespiegeling* bv. is woorde wat in later tyd uit Nederlands ontleen is en meestal deur geleerdes of in boektaal gebesig word.

gg vóór buigingsuitgange val dikwels uit, bv. *brûe*, *rûens*, *wie*, *sôe*.

Heeltemal verdwyn het *gg* en die w.w. uitgang in Afr. *lê* uit *leggen*, en *sê* uit *zeggen*.

h val somtyds uit, bv. *sprinkaan*, *jakkals*.

Die uitval is begunstig deurdat in dié woorde die verband met *haan* en *hals* nie meer gevoel geword het nie.

l val somtyds uit, bv. in *as*.

n in die buigingsuitgang *-en* val weg, bv. *manne*, *dade*, *wese*, *gevoele*, *lewe*.

Eweneens by die voornaamwoorde *my* en *sy* en by *toe*, waarnaas *toen* nog voorkom.

Waar *n* nie aan die end gestaan het nie, bv. in buigingsuitgange, is dit bewaar, bv. *lewens*.

Eweneens is die uitgang *-en* in sy geheel bewaar, waar dit nie 'n buigingsuitgang was nie, maar 'n woord-uitgang, bv. *baken*, *deken*, *diaken*, *kuiken*, *laken*, *leuen*, *reën*, *teen*, *teken*, *wapen*.

Net die woord *varken* het *vark* geword.

(*e*)*n* in die uitgang ná *r* gaan oor in (*i*)*ng*, bv. *horing*, *koring*, *doring*, *toring*.

Die oorgang het ook plaas gehad in *kussing* en *harsings*, en in *baing*, *fraing*, *going*(sak), *kastaiing* en *toiings*. Naas *baing* staan *baie*, naas *toiings*: *lôiens*, naas *going*: *gôie*, en naas die meervoude *fraings* en *kastaiings* ook *fraiens* en *kastaiens*.

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

p tussen klinkers verander somtyds in *w*, bv. *stawel* naas *stapel*.

p het 'n enkele maal bygekom, nl. in *hemp*, wat die *d* verloor het (Ned. *hemd*), mv. egter (*hemde*).

sch aan die begin gaan oor in *sk*, bv. *skaam*, *skoon*, *waar-sku*.

t val weg aan die end van 'n woord nà die medeklinkers *f*, *k*, *p*, *s* en *ch*, bv. *drif*, *naak*, *manuskrip*, *bees*, *kus*, *gas*, *vas*, *ag*, *nag*, *eg*.

In verboë vorme en sommige samestellinge bly *t* bewaar, bv. *drifte*, *kuste*, *booswigte*; *nagtegaal*, *nagtelik*, *egtheid*, *geestesstand*.

t nà lang klinkers val dikwels weg vóór *s*, bv. *plaas*, *laaste*.

Somtyds ook na kort klinkers, bv. *mus*.

v van Nederlands is in Afr. gewoonlik *f*, maar *v* tussen klinkers, *l* of *r* en onbeklemtoonde *e* gaan oor in *w*, bv. *halwe*, *slawe*, *bederwe*, *duiwe*, *ewe*.

v tussen klinkers val dikwels weg, bv. *oor*, *bo*, *aand*, *bly*, *gee*. By die laaste woorde het bowendien die slot-*e(n)* ook weggeval; dieselfde sien ons in die uitspraak (en somtyds spelling) van die naam *Langenhoven* as *Langenoo*.

Naas die vorm *oor* staan daar egter *ower* in enige woorde, soos *owerheid*, *owerspel*, *owerste*, *owerigens*; dit vind sy verklaring daarin, dat die groep woorde 'n meer beperkte gebruik-sfeer het, bv. later uit Ned. ontleen is; veral die woord *owerspel* is 'n boekwoord.

Naas *bo* vind ons *bowendien* en *bowenop*; *bowe-menselik*, *bowenatuurlik*. Ook hier berus die verskil in spelling (en uitspraak) op verskil in gebruik. Die woorde met *bowe(n)* dra 'n meer geleerde karakter, terwyl in die algemene woorde *bo* staan, bv. *bo-op*, *bodeur*, *Boland*, of ook *boën*, bv. *boënop*, *boonste*, *boontoe*.

w aan die begin vóór *r* gaan soms oor in 'n *f*-klank, wat egter met 'n *v* gespel word, bv. *vryf* (Ned. *wrijven*), *vroetel* (Ned. *wroeten*), *vratie* (Ned. *wrat*).

In minder gebruiklike woorde word *wr* egter behou, bv. *wrywing*, *wroeging*, *wrang*, *wraak*, *wrok*.

KLANKLEER.

w aan die end van 'n woord val weg na *u* en *ou*, bv. *afsku*, *waarsku*, *ru*, *rou*, *mou*.

Partymaal ook in ander gevalle, bv. *ongehuuḏ*, *numo-dies*, *Nu Seeland*.

Woorde op *-wen*, veral werkwoorde, het sowel die *-en* as die *w* verloor, bv. *bou*, *dou*, *kou*. Dit hang hiermee same dat 'n *w* na *u* of *ou* in Afr. in die reël nie uitgespreek word nie, bv. *kouer*, *goue*, en ewemin word tussen *u* en *ou* en 'n volgende klinker 'n oorgangsklank *w* gehoor.

In verboë vorme is *w* egter somtyds bewaar gebly, bv. in *nuwe*.

KLEMTON OF AKSENT.

§ 58. Daar word twee soorte van aksente in die gesproke taal waargeneem:

1. die kwalitatiewe,
2. die kwantitatiewe of tydsaksent.

Die tweede aksent, wat net die aanhou van 'n klank betref, het ons al in § 17 vermeld, en gesê dat ons net onderskei tussen kort en lang klinkers.

Die kwalitatiewe aksent word in 2 groepe verdeel:

- (a) die dinamiese of krag-aksent. Soos die naam aandui, het dit betrekking op die kragspanning van die spraakorgane by die voortbrenging van 'n klank. Die krag word veral uitgeoefen deur die bors en die longe, wat met groter of kleiner geweld die lug kan uitpers. By 'n klinker veroorsaak die verskil in krag 'n verskil in klankgehalte, by die medeklinkers 'n verskil in skerpheid van uitspraak;
- (b) die musikale aksent is die benaming vir die afwisselende toonhoogte waarop woorde en sinne, of ook onderdele van woorde uitgespreek word.

Iedereen weet dat die Engelse gewoonlik taamlik ééntonig praat, en min moeite bestee aan die afwisseling van musikale toonhoogte. Die inlandse bevolking van S.A. weer het 'n baie sangerige manier van praat. Die musikale aksent speel 'n belangrike rol om die betekenis te help verduidelik.

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

In 'n gewone mededelende sin bv. sal teen die end die toonhoogte daal; in 'n vraag weer sal dit teen die end sterk rys.

Al na gelang van die plek waar die klemtoon val, word dit verdeel in sinsklemtoon, woordklemtoon en lettergreepklemtoon. Die werking wat die aksent uitoefen en die klankveranderinge wat tengevolge daarvan plaas vind, is egter orals dieselfde; want soos ons reeds opgemerk het is ook 'n sin één reeks van klanke, en 'n éénlettergrepige woord beklee dieselfde plek in 'n sin as wat 'n lettergreep beklee in 'n meërlettergrepige woord.

Die aksent wat die meeste invloed uitoefen op die klanke van 'n taal is die *dinamiese* of *krag-aksent*. Wanneer amper al die kraginspanning wat vir 'n woord beskikbaar is, op 'n deel daarvan bestee word, sal die ander dele noodwendig kortkom en dus minder duidelik hoorbaar word.

Baie klinkers verswak as hulle in 'n onbeklemtoonde lettergreep staan. So vind ons in Afrikaans dikwels 'n toonlose *e* waar Nederlands voller klinkers besit.

'n Nederlandse *a* het tot *e* verswak in: *perty*, *kernuffel*, *kerdoes*, *permantig*, *gelop*, *skernier*, hoewel die Afrikaanse spelling die *a* gewoonlik behou.

'n Nederlandse *o* het tot *e* verswak in: *portuur*, *stefasie* (gespel: *portuur*, *stoffasie*); in *darem* naas *daarom*.

'n Nederlandse *ē* het tot *e* geword in: *reputasie*, *kweper*, *wanner*, (gespel: *wanneer*).

'n *u* verskyn as *e* in: *repebliek*, *remoer*, (gespel: *republiek*, *rumoer*).

'n *i* verskyn as *e* in: *revier*, *feguur*, *besonder* (gespel: *rivier*, *figuur*, *besonder*).

'n *ō* verskyn as *e* in die voorvoegsel *ver*: *veral*, *vernaam*, en in *resyntjie* (gespel: *rosyntjie*).

'n *y* verskyn as *e* in: *betyds*.

In ander gevalle verdwyn 'n klinker heeltemal, sodat die woord waarby dit gebeur, somtyds 'n lettergreep verloor.

Die woord *voël* verskyn in die samestelling met *struis* as *vol*: *volstruis*; *strooihuis* het geword *stroois* of *struis*; *kleinjong* word dikwels uitgespreek *klong*, net soos *klein-*

KLANKLEER.

meid tot *klemmet* verswak het. In plaas van *karos* word ewe dikwels *kros* gesê, i.p.v. *tabak*: *twak*; *wat* voor lewer op *waffer* of *watter*, en *so* maar: *somar* of *sommer*, so bv. in die rympie:

Plesier is nes 'n jong komkommer,

As jy hom pluk verlep hy sommer

van President Reitz (anders word altyd *somar* gespel).

Die laaste paar voorbeelde is eintlik gevalle waar twee woorde in die sin tot één geheel samegesmelt het, en dit gebeur herhaaldelik.

Net soos word dikwels *nes*, *dit is*: *dis*, *so as* altyd *soos*.

In die sin kan éénlettergrepige woorde sonder klemtoon die klinker verloor, so bv. *g'n mens* naas *geen mens*; *'n boek* naas *een boek*; *die boek is Piet s'n* naas *syn* en *syne*.

Tamelik dikwels gebeur dit ook met die w.w.-vorm *het*, bv.: *Waar 't jy die boek gesit?*

Ook die medeklinkers verswak en word bygevolg onduidelik, as hulle in swakbetoonde lettergrepe kom te staan. So is al die gevalle waar 'n slotmedeklinker in Afrikaans verdwyn het, en wat in § 57 opgenoem is, 'n gevolg van die aksentverswakking aan die end van 'n woord.

Verder word in Afrikaans in toonlose lettergrepe 'n *r* en 'n *l* verwissel; bv. *abrikoos* het *appelkoos* geword; uit *blikskater* het *blikskottel* ontstaan, uit *fluweel*: *ferweel*.

Naas *beteuterd* staan *beteuteld*, naas *maifoedie*: *maifoerie* en *maifoelie*; naas *skoppermaaiër*: *skoppelmaaiër*.

Bekend is ook die veelvuldige uitspraak van die onbeklemtoonde voegwoord *dat* as *lat*.

Afwisseling van *d* en *r* word gehoor in *skarewee* naas *skadeweë*, (gespel: *skaduwee*) in *mirrag* naas *middag*, in *parra* naas *padda*.

ASSIMILASIE.

§ 59. Assimilasie (van latyn *similis* = *gelyk*) of gelykmaking word die verskynsel genoem dat klinkers of medeklinkers, wat naas mekaar of in twee op mekaar volgende lettergrepe voorkom, geheel of gedeeltelik aan mekaar gelyk gemaak word.

Daar is twee hoofsoorte van assimilasie:

1. progressiewe of voortlopende assimilasie waarby die gelykmaking in vooruitgaande rigting werk, d.w.s. in dieselfde rigting as waarin die volgorde van klanke by die uitspraak tot stand kom. Dit beteken dus dat 'n sekere klank 'n volgende aan hom gelyk maak.

2. regressiewe of terugwerkende assimilasie; hierby werk die proses in omgekeerde rigting, en 'n klank maak dus 'n voorgaande klank aan hom gelyk.

Die assimilasie is 'n gewigtige klankverskynsel wat altoos in die taal gewerk het en nog werk. Die meeste assimilasie-produkte wat in die lewende spreektaal gehoor word, vind egter geen erkenning in die skryftaal nie. Die laaste is konserwatief, en veral terwille van die gelykvormigheid word die ou spelling van die meeste woorde wat assimilasie vertoon, bewaar. Die taal van 'n skrywer soos E. Fichardt bv. is juis opvallend deurdat hy so baie assimilasie-produkte skrywe, soos o.a.: *hierie, perre, darie*, ek *sallie, opgewonne* blaffies, *wagombiekie* bos. (Vgl. sy roman: *Onder die Olyfboom*).

Voorbeelde van progressiewe assimilasie is die volgende:

gt	> gg	<i>soggens</i> .
kv	> kf	<i>gelykformig</i> (gedeeltelike assim.)
ld	> ll	<i>keller</i> .
lg	> ll	<i>vollende</i> .
ln	> ll	<i>vullis</i> .
nd	> nn	<i>anner, kinnners, sonner, inniehuis</i> ; geskrywe word: <i>diener, eners</i> .
pd	> pp	<i>oppiedorp</i> .
rd	> r(r)	<i>perre, daarie, hierie</i> .
rg	> r(r)	<i>bêre, môre, sôre</i> .
sj	> ss	<i>asseblief</i> .
tb	> tw	<i>twak</i> (gedeeltelike assim.)

Voorbeelde van regressiewe assimilasie:

gb	> b	<i>stiebeuel</i> (stygbeugel).
nb	> mb	<i>'mboer</i> ('n boer), <i>wagembietjie</i> (wag-'n-bietjie), (gedeeltelike assim.)
kd	> gd	<i>slugdarm</i> (slokdarm). ged. assim.
lm	> mm	<i>ammal</i> (almal).
nm	> mm	<i>klemmet</i> (kleinmeid).
np	> mp	<i>impak</i> (inpak). ged. assim.

KLANKLEER.

ds > s	<i>gousblomme</i> (goudsblomme), <i>aanstons</i> , <i>saans</i> .
fs > s	<i>stysel</i> (styfsel).
ms > ns	<i>gensbok</i> (gembok). ged. assim.

PALATALISASIE.

§ 60. Onder palatalisasie (van *palatum*, d.i. die harde verhemelte) word verstaan die verandering wat klanke ondergaan, deurdat hulle onder die invloed van vóór-klinkers of medeklinkers wat in die nabyheid voorkom, eweneens meer vóór in die mond, d.w.s. met die tong teen die harde verhemelte, gevorm word.

Iedereen kan daeliks opmerk dat die *g* in die woorde *gaan* en *geld* verskil. Die *g* in *gaan* is 'n suiwere keelklank, deurdat die *a* 'n lae klinker is; die *g* in *geld* daarenteen klink meer soos die *sj* in *sjef*, en veral in die oordrewe uitspraak van kleurlinge kom die verskil sterk uit. Deurdat die *e* nl. 'n vóór-klinker is, word by die vorming van die *g* die tong alvas vorentoe getrek, en dit verskil dus noodwendig in klankwaarde van die *g* in *gaan*, omdat die tong by die *aa* laag in die mond bly.

Palatalisasie is dus 'n soort van 'n assimilasie, waarby klanke in meerdere of mindere mate gelyk gemaak word aan palatale klanke in die omgewing. Hierdie klankverskynsel word in die algemeen beskaafde skryftaal nie geopenbaar nie, en ons volstaan dus met daarop te wys hoe 'n skrywer, soos Fichardt, die klankverandering wat hy waargeneem het, probeer afbeeld. Hy skrywe: *hainkie* (handjie), *hoinkie* (hondjie), *kaikies* (katjies), *mainkie* (mandjie), *poikies* (potjies), *preinkie* (prentjie), *rainkies* (rantjies), en wil daarmee te kenne gee dat sowel die klinkers *a e o*, as die medeklinkers *n* en *k* 'n bykomstige *i*-klank laat hoor, as gevolg van die *ie* in die uitgang.

NASALERING.

§ 61. In Afrikaans ondergaan die verbinding van *klinker* + *n* vóór stemlose glyers gewoonlik 'n verandering, wat hierin bestaan dat die klinker en die *n* assimileer tot één klank, nl. 'n deur die neus uitgesproke klinker. Die beste is dit te hoor wanneer bv. 'naas mekaar uitgespreek

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

word twee woorde wat met *on* begint: *onnosel* en *ongeluk*; in die eerste is die *o + n* bewaar, in die tweede klink dit anders, die tongpunt word nl. nie, soos dit by die *n* behoort te gebeur, teen die botande gedruk nie, maar bly eenvoudig in die stand wat dit inneem by die *o*; alleen die toegang tot die neusholte word geopen.

Gewoonlik word bowendien die klinker in so'n geval verleng. Die klankverskynsel heet daarom: *nasalering*, gepaard met rekking. Wanneer ons 'n genasaleerde klinker aandui deur die letter *n* tussen hakies, en die lengte deur 'n . nà die klinker, dan kry ons dus die volgende uitspraak van enige bekende woorde:

gons word uitgespreek: gô⁽ⁿ⁾s.

kans word uitgespreek: ka.⁽ⁿ⁾s.

aangaan word uitgespreek: a⁽ⁿ⁾gaan.

onfeilbaar word uitgespreek: o⁽ⁿ⁾feilbaar.

RONDING EN ONTRONDING.

§ 62. In vergelyking met vorme uit algemeen beskaafde Nederlands neem ons waar dat party Afrikaanse woorde 'n verskil van klinker vertoon tengevolge van die ronding of ontronding van die lippe by die uitspraak. 'n Bekende voorbeeld is die woord *nuut*, met die ander vorme *nuwe*, *nu-modies*, die verwante snw. *nuus*. Naas *nu* staan die ndl. *nieuw*, en klaarblyklik het die lipklank *w* sy invloed laat geld, sodat die *i* eweneens lipronding gekry het, en *u* geword het. (vgl. vir die artikulasie-plek van *ie* en *u* die tabel in § 20).

'n Paar ander vbb. van ronding is:

drumpel naas *drempeel*.

dus naas *dis* of *dees*.

gunter naas *ginder*.

sluk naas *slik*.

In *skulpad* naas *skilpad* kan volksetimologie, aanknoping aan die woord *skulp*, meegewerk het; moontlik ook in *bultong* naas *biltong*.

Ontronding is die omgekeerde verskynsel, dat nl. die

KLANKLEER.

liprondding van 'n *u* agterweë bly en dat dit as 'n *i* verskyn, b.v.:

hille naas *hulle*.

jille naas *julle*.

klits naas *kluts*.

rispe naas *ruspe*.

stribbeling naas *strubbeling*.

mier naas *muur* ens. in taal van kleurlinge.

Gedeeltelike ontronding kom ook voor, bv. in *sluitel* naas *sleutel*, *verhuig* naas *verheug*; die tweede is seldsaam, die eerste kan begunstig wees deur die gevoelde verband met die ww. *sluit*.

Opm. — Dit moet opgemerk word dat dit nie seker is of die ronding en ontronding eers in Afrikaans plaas gehad het nie; dis goed moontlik dat die meeste van die Afrikaanse vorme uit Nederlandse dialekte afkomstig is, en dat hierdie klankverskynsel dus al in die ou moederland aanwesig gewees het.

VERDERE KLANKVERSKYNSELS.

§ 63. Metatesis of klankverspringing kom dikwels voor by *r* in onbeklemtoonde lettergrepe; so hoor 'n mens *persies* vir *presies*, *persent* vir *present*, *perbeer* vir *probeer*, *Feberwarie* vir *Februarie*. Die vorm *ferweel* uit Ned.*fluweel* word ook geskrywe.

Epentesis of toevoëging van 'n *d* of *t* is nie ongewoon na *n* nie, bv. *moontlik*, *eintlik*.

Veral in komparatiewe gebeur dit, ook na ander medeklinkers, bv. *armder*, *kleinder*, *kraster*. Na *l* en *s* kom *d* of *t* by in *dubbeld*, *yster*; Langenhoven gebruik die vorm *boksters* om manne aan te dui wat boks.

In ander gevalle kan verwantskap met ander woorde so'n toevoëging bevorder het, bv. by *reent*, *hoort*, *nuut*, *aamwendsel*.